



Verwysing: 20210927-6173
Lêerno.: 13/8/3
Navrae: CA Berry

Eksamenadministrasieminuut: 0013/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-, Senior Sertifikaat en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4-eksamen voorberei

Onderwerp: Norme en standaarde vir die skool se instapkluis/brandkluis en die hantering van die instapkluis/brandkluis se sleutels

1. Ter voorbereiding vir die November 2021 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)- en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4 (OOV V4)-eksamen, word prinsipale en sentrumbestuurders daaraan herinner om die beleid betreffende die norme en standaarde vir die gebruik van kluis/brandkluis en die hantering van die kluis/brandkluis se sleutels noukeurig uit te voer.
2. Die amptelike beleid betreffende die norme en standaarde vir die gebruik van kluis/brandkluis en die hantering van die brandkluis se sleutels, wat in September 2020 gewysig en aan alle skole gestuur is, is as **Bylae A** aangeheg.
3. Die Departement van Basiese Onderwys en die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal weer die openbare en onafhanklike eksamensentrums tydens die verloop van die November/Desember 2021 NSS- en OOV V4-eksamen oudit en monitor ten einde hul gereedheid om die nasionale eksamen aan te bied, af te neem en te administreer, te evalueer.
4. Om te verseker dat alle eksamensentrums van openbare en onafhanklike skole aan die norme en standaarde vir die afneem van die eksamen voldoen, is 'n afskrif en bylaes van die beleid betreffende die norme en standaarde vir die instapkluis/brandkluis en die hantering van die brandkluis se sleutels hierby aangeheg.

5. 'n Voorbeeld van 'n register om alle toegang tot die instapkluis/brandkluis te monitor, is as **Bylae 1** aangeheg.
6. 'n Plakkaat wat die hoofpunte van die norme en standarde vir die instapkluis/brandkluis en die hantering van die brandkluis se sleutels bevat, is as **Bylae 2** aangeheg. Hierdie plakkaat moet teen die deur van die instapkluis/brandkluis vertoon word. Die inhoud van die plakkaat moet ook met die tersaaklike opsieners gedeel word wat by die administrasie en afneem van die eksamen betrokke is.
7. Prinsipale/sentrumbestuurders moet die beleid lees en die inhoud daarvan onder die aandag van alle personeellede bring.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-09-29